

KOSTEVERGELYKING VAN ROOFDIERBESTUURSMETODES

(Deur Abraham Landman)

Daar is gewoonlik groot koste verbonde aan die verskillende metodes om roofdiere te beheer. Dit is verkieslik nodig om die metodes in kombinasie te gebruik sodat hulle meer doeltreffend kan wees. Min van die metodes se doeltreffendheid is al wetenskaplik getoets. Die inligting wat volg is dus slegs ter agtergrond. Dit kan wees dat daar metodes is wat nie hierin vervat is nie.

3.1 Aannames

Elke plaas verskil, met die gevolg dat dit baie moeilik is om 'n metode of 'n kombinasie van metodes te kies gegewe grootte van plaas, topografie, aantal ooie, spesifieke roofdierprobleem ens. Dit was dus nodig om 'n paar aannames te maak ten einde vergelykende berekeninge te kon maak.

- Plaasgrootte: 6 000 (gegrond op 'n Karooplaas)
- Ooie: 1 000
- Trop-indeling: Drie troppe (droog, lamtrop & vervanging)
- Beheer fokus veral op twee troppe, naamlik die lam- en vervangingstroppe.
- Sien elke metode se aannames aan die onderkant van *Tabel 1*.
- Geen vervanging van enige nekband is in berekening gebring nie.
- Arbeidskoste vir die aansit van nekbande is wel in berekening gebring.

3.2 Dodelike metodes

(a) Helikopterjag

Dié metode kan duur wees, veral as min roofdiere teenwoordig is. Dit is egter 'n metode wat gebruik moet word om abnormale getalle wat met tyd in 'n gebied kan ontstaan, te beheer. Dit haal die skelm dier doeltreffend uit. Tyd van die dag is belangrik, aangesien dit meer doeltreffend is om bv. vroegoggend drie ure te vlieg en met sonder 'n uur of twee.

(b) Nagskiet

Die berekening behels die huur van 'n professionele jagter teen R500 per nag en R600/ roofdier gedood, vir vier nagte per maand, vir vier maande per jaar – dus 16 nagte per jaar. Indien jy self wil jag, sal die aanvanklike koste ongeveer R11 000 vir die toerusting wees. Verder sal jou brandstof en uitgawes vir ammunisie bygereken moet word. Nagskiet is baie doeltreffend om getalle vinnig te verminder. Dit is spesie-spesiefiek en jy kan onmiddellik optree indien daar 'n probleem is. **Gebruik asseblief professionele jagters enlos eerder 'n jakkals as jy dit nie reg doen nie, anders maak jy bloot die jakkals "skelm".**

(c) Jaghonde

Die aanvanklike koste is bereken deur drie honde teen R7 500 en een hond teen R5000 aan te koop, asook die oprig van hondehokke. Die onderhoudskoste vir 'n jaar behels die hondekos, veeartsondersoeke en brandstof-uitgawes. Dit kan wees dat hierdie metode baie duurder vertoon as ander metodes, maar die span hoef nie net op een plaas te jag nie en kan op ander plase in die gebied ook gebruik word, wat dan die koste per eenheid sal verlaag.

Jaghonde hier verwys na *hounds of sniffer dogs*, waar die hond opgelei is omslegs 'n spesifieke probleemdier te 'spoor'.

(d) Slagysters

Hierdie metode is waarskynlik een van die doeltreffendste en goedkoopste dodelike metodes. Ysters word teen R200 stuk aangekoop en hou normaalweg baie lank. As bestaande plaas personeel dan die stelwerk ens. doen, is dit nie nodig om 'n ekstra jagter aan te stel nie. Indien wel, moet die minimum loon vir die jagter in berekening gebring word. Dit is belangrik om klem te lê op die feit dat slagysters baie kontroversieel is. Dus is dit uiters noodsaaklik dat slagysters gereeld gediens en gekalibreer word.

om die vang van nie-teiken diere te verhoed. Dit kan reg gedoen word. **Besoek ysters daaglik as dit gestel is! Moet dit nie onder drade en in voetpaie stel nie.**

Die kosteberekening sluit brandstof en lone vir ysterbesoeke in.

3.3 Nie-dodelike metodes

(a) Celmax-halsbande

Die aankoopprys is R5 500 per band en een word per trop benodig. Sodra die trop abnormaal begin optree, soos met veediefstal of 'n roofdieraanval, maak die Celmax-alarm 'n oproep na die boer se selfoon om hom te waarsku. Die halsband het 'n 12-maande waarborg en die battery hou vir nagenoeg agt weke. Dit het ook 'n herlaaier by.

Dit is soms nie so doeltreffend teen rooikatte nie, want die kat val die skaap dikwels aan nog voor die skaap kan begin rondhardloop. 'n Selfoonsein word vir die stelsel benodig.

(b) E-Shepherd-halsbande

Die koste beloop R770 per eenheid met een band per tien skape wat benodig word. Batterye hou tussen nege en twaalf maande, met onderhoud van ongeveer R500 per jaar. Die E-Shepherd apparaat word met 'n nekband in plek gehou. Die elektroniese apparaat word geaktiveer sodra daar 'n aanval op die skaap plaasvind. Die aanval

aktiveer 'n klankalarm wat deur die toestel uitgesaai word. Die toestel het ook twee liggies, wat 'n stroboskopiese effek vorm sodra die stelsel geaktiveer word.

(c) King Collar

Die berekening is gemaak teen R9 per nekband vir elke lam in die trop soos aanbeveel word. Koste kan besnoei word deur vir slegs 'n persentasie van die lammers in die kudde 'n King Collar aan te sit. By die King Collar en alle ander halsbandmetodes en klokkies is dit belangrik om te weet dat roofdiere die metode gewoon raak.

Vangmetodes word bv. aangepas weg van die nekarea na die boude met gevolglike skade. Gebruik verskillende metodes afwisselend om die "vreemde faktor" teen die roofdier te behou. Dit neem 'n roofdier vier na ses weke om aan 'n metode gewoon te raak.

(d) Dead-stop nekband

Die nekband is van yster gemaak en sy leeftyd is dus baie goed. Verskillende groottes is vir groot en klein skape beskikbaar teen 'n gemiddeld van R29 per nekband. Die berekening is vir 1 000 lammers gedoen.

(e) Owner's Choice nekband

Die aanvanklike koste is R17 per nekband en die berekening is gedoen vir 'n nekband vir elke lam op die plaas, m.a.w. 1 000 lammers.

(f) Klokkies (Protect-a-lamb)

Klokkies is ook bereken vir elke lam op die plaas teen R13/klokkie. Soos met die ander nekbandmetodes is dit seker ook moontlik om vir slegs 'n persentasie van die lammers klokkies aan te sit.

(g) Moderne Skaapwagter

'n Koste van R8 000 per eenheid vir twee eenhede is in berekening gebring. Meer eenhede is eintlik nodig, maar daar kan gefokus word op die lamtrop. Die bottel reukmiddel moet maandeliks vervang word. Die Skaapwagter werk in op die sensitiewe sintuie van roofdiere ten einde hulle weg te hou van vee. Dit behels:

- **Klank:** Die Skaapwagter genereer elke 50 sekondes 'n ultra-hoë frekwensie-klank wat skaars hoorbaar vir mense en skape is, maar geweldig irriterend vir roofdiere is. Indien roofdiere te naby binne die 1km reikwydte van die Skaapwagter kom, veroorsaak dit vir hulle ongemak en selfs pyn.
- **Reuk en smaak:** Die ingeboude rekenaarprogram beheer die vrystelling van spesiaal-geformuleerde aromatiese reukbestanddele wat roofdiere se reuk- en smaaksintuie irriteer en hulle wegdryf. Dit stel gedurende die nag elke 14 minute 'n fyn sproei vry. Die reukstof is dus konstant aanwesig in die kamp.

(h) Fauna Track

Die stelsel word bemark vir veediefstal, maar kan ook watervlakke van damme monitor. Dit gebruik selfoonseine. Die stelsel wat 'n beheerkontrolle en herleistasie insluit, kos R11 200. 'n Lisensiefooi van R3 000 en 'n huurkoste per skyfie is ook jaarliks betaalbaar. Die berekening is gebaseer op twee GPS-skyfies per trop en 1 RF-skyfie per tien ooie.

(i) Agri-Alert

'n Nekband met 'n kombinasie van GPS- en aktiwiteitsensor word aangesit. Kampgrense of plaasgrense kan vooraf vasgestel word. Die nekband stuur 'n SMS na jou selfoon as daar versteuring is. Bande word elke twee jaar gratis vervang. Die herlei- en basisstasie kos R13 000, plus skyfies soos by Fauna Track.

(j) Hotgroup

Die stelsel het verskeie funksies soos gedragsmonitering, weidingsbenutting en predasiebestuur. Een band kos R7 800 per 200 skape en R1 888 lugtyd per jaar. Die alarms is geskoei op die wetenskap van nabootsing en gee alarms as die dier buite sy normale gedrag optree.

(k) Elektriese heinings

Die berekenings vir elektriese heinings is gedoen op grond van die 6 000ha plaas se buitendraad. (Indien slegs lamkampe gedoen word, kan dit goedkoper wees, maar dan raak dit moeilik om goeie weiveldbestuur toe te pas). Om 'n elektriese draad naby die grond en 'n bolyn bykomend tot bestaande lyndraad te span, kos ongeveer R2 715 per km. (Jakkalsproef afsonderlik is ongeveer R22 000 per km.) 'n Bykomende koste is die weeklikse nagaan van heinings om te verseker dat die drade skoon en werkend is en om moontlike gate te herstel. Hierdie metode moet as 'n langtermyn belegging gesien word.

(l) FM Radio

'n Toestel word teen R1 200 opgerig en gestel om sekere tye in die nag op 'n radiostasie aan te gaan, afwisselend met 'n lig en ander geluide.

(m) Liggies

Liggies wat met 'n sonpaneeltjie herlaai word, kan teen drade opgesit word om die omgewing effens te verander.

Riglyne vir Veeboerdery

Plaas- en verliesbestuur

(n) Alpakkas

Alpakkas wat teen R6 500 stuk aangekoop word, kan saam met vee loop. Net soos donkies is hulle goeie afskrikmiddels vir roofdiere en staan nie terug nie.

Onderhoudskoste sal 'n geleentheidskoste wees vir skape wat jy minder kan aanhou weens die alpakkas.

(o) Anatoliese herdershonde

Koste beloop R2 500 per hond met 'n opleidingskoste van R5 000 per hond vir die eerste jaar. Die honde werk goed, maar vat lank om te leer en verwissel moeilik kampe saam met troppe. Onderhoudskoste sluit in hondekos en brandstof om die kudde een keer elke twee weke te besoek. Die verskeidenheid metodes is 'n aanduiding dat daar nie 'n spesifieke metode is wat alleen werk nie, en dat elke plaas se omstandighede verskil weens verskeie faktore soos topografie, tyd van die jaar en tipe probleemdiere. Metodes met selfoonseine is ook in sekere afgeleë plekke nie so doeltreffend nie. Dit is uiters belangrik dat baie van die metodes (veral die nie-dodelike metodes) in kombinasie gebruik sal word en dat hulle voortdurend afgewissel moet word. Die rede is omdat veral jakkalse ongeveer vier na ses weke neem om 'n verandering gewoond te raak. Kyk dus na jou situasie en beplan deeglik. Ken jou plaas! Gebruik 'n kombinasie van nie-dodelike en dodelike metodes om jou lammers te verskans teen 'n onverwagte aanval en om roofdiergetalle te beheer. Die doel moet nie wees om uit te roei nie, maar om te bestuur.

In die natuur het die alfa-predator soos die leeu kleiner roofdier getalle beheer, maar weens omheining en meer mense wat versprei het oor Afrika weet ons dat die "natuur" slegs in reserwate tot 'n mate in balans is. Dit is dus nodig vir die bestuur van oormatige getalle. Die grootste probleem is bure wat nie

mekaar ondersteun in die bestuur van roofdiere nie. Dit moet 'n gesamentlike poging wees en met verantwoordelikheid benader word.

Die nie-dodelike metodes is meestal 'n afskrikmiddel op hul beste. Die elektriese heining is baie duur, maar dit is omdat dit slegs vir Jaar 1 bereken is. Die metode is 'n langtermyn belegging en as die aanvanklike koste oor die aantal jare wat dit gaan hou verdeel word, sal die koste baie laer wees. Jaghonde lyk ook baie duur, maar indien hulle doeltreffend oor meer plase benut kan word, sal die kostes daal. Nagskiet hier verwys na die huur van 'n professionele nagjagter en nie eie toerusting nie; dit is baie selektief en is 'n metode waarmee vinnig gereageer kan word na verliese. Die menslike wag is 'n wag soos die skaapwagter van ouds by die skape, maar die doeltreffendheid daarvan is onbekend aangesien die kraal van skape nie aanbeveel word in meeste dele van die land nie, omdat dit onder andere gronderosie kan bevorder, arbeidsintensief is, diereproduksie kan benadeel, en wolbesoedeling veroorsaak. Die menslike wag is ook geweldig duur in vergelyking met ander metodes omdat die kostes elke jaar herhaal word en dus nie oor tyd verdeel kan word nie.

Aanbeveling

Gebruik nie-dodelike metodes, maar onthou om spaarsamig te werk te gaan en dit voortdurend af te wissel, aangesien die roofdiere dit gewoon raak na so drie of vier weke. Dit gaan dus nodig wees om meer as een metode aan te skaf. Dodelike metodes is nodig om oormatige getalle en probleemroofdiere te verwyder, aangesien die nie-dodelike metodes hoofsaaklik die probleemdier vir 'n wyle na die buurman verjaag. Dit is noodsaaklik om die metodes verantwoordelik te gebruik en die naam van ons landboubedryf hoog te hou.